# Hoe Babas Vingerbeheer Ontwikkel

AON
Afrikaanse Onderwysnetwerk

# Feite en Wenke

Met Komplimente van die Afrikaanse Onderwysnetwerk




*Geskryf namens die AON deur Lizette van Huyssteen van die Practica Program*

**+ Wat handbeheer betref, is die eerste verjaarsdag 'n spesiale dag.**

As ouers en onderwyseresse wil ons babas graag ondersteun om teen hul eerste verjaarsdag drie groot mylpale te bereik. Ons wil sien dat hulle:

1. **Vingerbeheer** ontwikkel het tot waar hulle die punte van die voorvinger en duim saambring in 'n pincetgreep ("pincer grip") om fyn aksies uit te voer.
2. **Voorwerpe beheersd optel en neersit** deur hul hande gekoördineerd oop en toe te maak.
3. **Begin om twee hande te laat saamwerk**, soos om 'n houer met een hand te stabiliseer en iets met die ander hand daaruit te haal.

## Wenke

**+ Die bespreking wat volg fokus op die eerste mylpaal hierbo: die ontwikkeling van vingerbeheer**

### Geboorte:

Babas het aanvanklik geen doelbewuste beheer oor hul hande nie, en is in werklikheid nie eens bewus van hul hande nie. Die **grypefleks**, een van die primitiewe reflekse, veroorsaak dat hul hande meestal in vuiste vasgeklem is.

### 2 maande:

Die grypefleks begin vervaag en teen 8 weke is babas se hande minder as 50% van die tyd toegeklem. Hulle **ontdek hul hande** tussen 8 en 10 weke, begin teen 10 weke daaraan suig, en teen 12 weke suig hulle aan hul vingers en begin hulle hul vingers soms apart beweeg.

### 3½ maande:

Die grypefleks verloor sy houvas. Die hande is meestal ontspanne en babas kry alles beet wat naby is, soos beddegoed, klere, en dikwels die **ander hand**. Omdat hulle nog nie hul greep doelbewus kan verslap nie, word twee hande soms saam mond toe gebring.

### 3½ - 4 maande:

Babas kan nou 'n ratel wat in hul hand geplaas word vir 'n kort rukkie in 'n **palmgreep** vashou, totdat hulle konsentrasie verloor en dit laat val.

### 6 maande:

Teen die middel van die eerste jaar probeer babas doelbewus hul vingers gebruik om iets op te tel, maar hulle slaag nog net daarin om **vier vingers saam** te gebruik in 'n skraapaksie. Die duim werk nog nie saam nie — die hand funksioneer soos 'n **"mitten"**.

## Het jy geweet?

Babas plaas eers meer druk op die **pinkiekant** van die hand. Die fokus verskuif mettertyd na die **duimkant** – tot die duim en voorvinger op 12 maande die hoofspelers is.

### 9 maande:

Babas isoleer nou die wysvinger en gebruik dit dikwels om te ondersoek. Hulle tel verskillende groottes voorwerpe op interessante maniere op:

- Gebruik **duim en vier vingers** om 'n blokkie op te tel.
- Gebruik **drie vingers en die duim** om medium voorwerpe te gryp.
- Gebruik **die duim en enige deel van die wysvinger** (ook soms die sykant) om klein voorwerpe op te tel.

### 12 maande:

Tipiese babas gebruik nou die pincetgreep en leer om iemand na te boots wat hul vingers gebruik om 'n klein voorwerpie in 'n koppie te sit, en dit dan weer met hul vingers uit te haal.

### 15 maande:

Tipiese peuters maak nou merke met 'n vetkryt op papier terwyl hulle dit in 'n vuisgreep vasklem – met die skryfpunt van die kryt wat aan die duim- óf die pinkiekant uitsteek.

### 18 maande:

Tipiese peuters krabbel nou heen-en-weer, en hulle gebruik hul ***vingers*** om die kryt vas te hou – insluitend die duim. (Hulle hou dit dus nie meer in 'n vuisgreep vas nie).

### 24 maande:

Peuters krabbel nou heen-en-weer én soms ook met sirkelbewegings. Hulle hou 'n vetkryt met die duim en drie vingers vas, en kan leer om 'n afwaartse (vertikale) lyn na te boots terwyl hulle kyk hoe iemand dit doen – dan ook horisontale lyn en – nader aan 36 maande – ook 'n sirkel.

## Beste wense tot volgende keer!


**Kontak gerus vir Wilna van Rooyen** via Wilna@aonetwerk.co.za vir meer inligting oor hoe die AON Afrikaanse onderwysers ondersteun


Bron: www.practica.co.za